Jeugfokus Kategese

Volledige katalogus vir 2027









2027

BM BYBEL-MEDIA

jeugfokus

www.bybelmedia.org.za

Is jy op soek na aanlyn hulpbronne vir kategese?

Ons Jeugfokus Kategese+-reeks is beskikbaar op www.joyna.co.za



Besoek www.joyna.co.za vir kategesemateriaal spesiaal ontwerp vir elke ouderdomsgroep: voorskool, graad 1-3, graad 4-6, graad 7-10 en jong volwassenes. Met een klik kry jy toegang tot **Jeugfokus Kategese 27+** wat bestaan uit 30 volledig uitgewerkte ontmoetings wat kinders en jongmense sal inspireer om dissipels van Jesus in hierdie wêreld te wees.


Jeugfokus Kategese 27+ fokus daarop om die jeug se geloof met dinamiese interaktiewe materiaal te vorm en te versterk. Elke ontmoeting bevat agtergrondinligting oor die Bybelgedeelte en die tema van die ontmoeting, asook gespreksblaaie en hulpmiddels vir die verskillende ouderdomsgroepe. Daar is ook riglyne vir 'n kindermoment in die erediens en vir 'n huisgeloof-gesprek wat by die tema aansluit.


Sluit vandag nog aan by Joyna vir môre se kategese, vandag beskikbaar!


JOYNA

Sluit aan by Joyna!

www.joyna.co.za







Voorskoolse kinders

1-5 jaar



Vir die geloofsontwikkeling van **peuters en kleuters** bied Bybel-Media boeke wat hulle sal help om Jesus en die Bybel op prettige maniere te leer ken.

Hierdie boeke lê 'n vaste fondament in kinders se lewe waarop hulle hulle geloof in die Here kan bou. Al die boeke is gevul met Bybelstories, liedjies, gebede, avonture en ouderdomsgepaste aktiwiteite.

Steek 'n liefde vir Jesus in kleuters se harte aan

Kleuterpret Aanbiedersgids

PRYS: R140

24 lesse vir voorskoolse kinders vir gebruik by kategese, kleuterkerk en huiskerk. Liana Lourens van Akkerpretfaam het die teks só geskryf dat die stories, liedjies en vasleggingsaktiwiteite 'n liefde vir Jesus in die kleuters se harte sal aansteek.





Kleuterpret Werkboek

PRYS: R115

24 lesse vir voorskoolse kinders vir gebruik by kategese, kleuterkerk en huis-kerk. Die werkboek bevat talle prettige aktiwiteite vir die kleuters. Die karakters van die bekende Akkerpret-stories verskyn ook in die werkboek.

JOYNA

Bybel-Media se nuwe platform Joyna is 'n alles-in-een- digitale bedieningsplatform wat die voorbereiding van ontmoetings, noodsaaklike reëlings vir die kategesespan en gemeentekommunikasie op een eenvoudige plek saambring. **Besoek www.joyna.co.za**

Kleuterkerk-reeks

Maak kleuterkerk en huiskerk maklik en
boeiend met hierdie uitstekende reeks!


Kleuterkerk Doen-boeke

Hierdie prettige aktiwiteitsboeke lê die inhoud van elke eenvoudige Bybelboodskap by die kinders vas. Hulle leer ken vir Jesus in die Bybelstories wat hulle hoor, en hulle ontdek dat Jesus baie lief is vir hulle.



Kleuterkerk 1 Doen-boek

PRYS: R125



Kleuterkerk 2 Doen-boek

PRYS: R125



Kleuterkerk 3 Doen-boek

PRYS: R125

Kleuterkerk Aanbiedersgidse

Die eenvoudige Bybelboodskappe help kinders ontdek hoe lief Jesus vir hulle is. Die aanbiedings, gevul met stories, liedjies, prettige aktiwiteite en gebede, lê 'n vaste fondament waarop kinders hulle geloof kan bou.



Kleuterkerk 1 Aanbiedersgids

PRYS: R175



Kleuterkerk 2 Aanbiedersgids

PRYS: R175



Kleuterkerk 3 Aanbiedersgids

PRYS: R175

Junior fase

6-9 jaar

Vir **kinders in graad 1-3** bied Bybel-Media die bekende **LP3-reeks**, wat oor ses jaar strek, asook die reeks **Ek is deel van God se groot verhaal**, met afsonderlike boeke vir graad 1-3.

Albei hierdie reekse is propvol Bybelstories, prettige aktiwiteite en inkleurprente om elke ontmoeting 'n onvergeetlike ervaring te maak.

Dit is die ideale reekse om 'n liefde vir Jesus in jong kinders se harte aan te steek.



LP3-reeks vir graad 1-3

Vorm jong kinders se geloof met hierdie uitmuntende reeks

LP3 (Jaar 1)

Die coolste plan

Ons hoef nie 'n plan te maak om die wêreld heel en nuut te maak nie. Die Here is die Planmaker. Hy het vir Jesus gestuur om die probleem van ons sonde vir ons op te los. Nou nooi die Here ons om opgewonde te wees oor sy plan, om deel van sy plan te word en om dit te help waar maak.



PRYS: R125

Aanbiedersgids
Beskikbaar op www.joyna.co.za



PRYS: R125

Aanbiedersgids
Beskikbaar op www.joyna.co.za

LP3 (Jaar 2)

Wys my die weg

As jy nie weet waarheen jy wil gaan nie, kan jy baie maklik verdwaal. En dit is nie lekker om te verdwaal nie. Jesus nooi jou om sy hand te neem en saam met Hom te stap. Hy sal vir jou die pad wys wat die beste is om op te stap. Wanneer jy saam met Jesus stap, sal jy nooit verdwaal nie en altyd veilig wees.

LP3-reeks vir graad 1-3

Vorm jong kinders se geloof met hierdie uitmuntende reeks

LP3 (Jaar 3)


Ene ore! Nuwe maniere

Hoe voel jy wanneer jy met iemand praat en hulle luister nie na jou nie? Dit is nie lekker nie, of hoe? Die Here praat ook met ons en Hy is net so hartseer as ons nie luister na wat Hy sê nie. In *Ene ore! Nuwe maniere* ontdek jy in die Bybel en deur die voorbeeld van Bybelkarakters hoe om na die Here te luister en dan nuut te gaan leef.



PRYS: R125

Aanbiedersgids
Beskikbaar op www.joyna.co.za



PRYS: R125

Aanbiedersgids
Beskikbaar op www.joyna.co.za

LP3 (Jaar 4)

Leef soos Jesus

Wil jy graag vir Jesus beter leer ken? Wil jy al meer soos Jesus word? *Leef soos Jesus* sal jou help om dit reg te kry. Jy sal in die Bybel ontdek hoe Jesus geleef het. Dan kan jy sy voorbeeld elke dag volg. Die beste nuus is: Jesus het belowe dat Hy by jou sal wees en jou sal help om soos Hy te leef.

LP3 (Jaar 5)

Wow, dis waar!

Wil jy graag meer ontdek oor wat jy regtig glo en bely wanneer jy sê jy is lief vir Jesus en jy volg Hom? Hierdie jaar gaan jy die Apostoliese Geloofsbelydenis leer ken en ontdek: Wow! Alles wat jy van Jesus weet en glo, is waar!



PRYS: R125

Aanbiedersgids
Beskikbaar op www.joyna.co.za



PRYS: R125

Aanbiedersgids
Beskikbaar op www.joyna.co.za

LP3 (Jaar 6)

So is Ek

Leer ken vir Jesus uit wat Hy self in die Bybel vir jou oor Hom vertel. Wanneer jy weet hoe Jesus as mens op aarde geleef het, kan jy sy voorbeeld volg en elke dag al meer soos Jesus word. Die beste nuus is: Jesus het belowe dat Hy by jou sal wees en jou sal help om soos Hy te leef.



Kennis-kategese

Help kinders van jongs af om Jesus en die Bybel te leer ken

Graad 1-3 Doenboeke

Ek is deel van God se groot verhaal

Die Bybel is die wonderlikste boek op aarde. Ons leer daarin hoe God is en hoe ons as Jesus se volgelinge behoort te leef. In hierdie *Doenboeke vir Graad 1-3* word die kinders van jongs af aan die Bybel bekendgestel. Die inhoud lei hulle om 'n ontmoeting met God te hê, meer van die Bybel te leer en te dink oor hoe om dit elke dag prakties uit te leef.



PRYS: R130



PRYS: R130



PRYS: R130

Graad 1-3 Leiersgidse

Ek is deel van God se groot verhaal

Die drie leiersgidse wat saam met die *Doenboeke vir Graad 1-3* gebruik word, bevat volledig uitgewerkte byeenkomste om die kinders te lei om 'n ontmoeting met God te hê, meer van die Bybel te leer en na te dink oor hoe hulle elke dag kan leef soos Jesus in die Bybel van ons vra.



PRYS: R150



PRYS: R150



PRYS: R150

Middelfase

10-12 jaar



Vir **kinders in graad 4-6** bied Bybel-Media die bekende **LP3-reeks**, wat oor ses jaar strek, asook die reeks **God se kinders in God se wêreld**, met afsonderlike boeke vir graad 4-6.

Albei hierdie reekse is propvol Bybelverhale, prettige aktiwiteite en gespreksvrae om elke ontmoeting 'n onvergeetlike ervaring te maak.

Dit is die ideale reekse om hierdie kinders se geloof na 'n volgende vlak te neem en hulle nog nader aan Jesus te bring.

LP3-reeks vir graad 4-6

Vorm jong kinders se geloof met hierdie uitmuntende reeks

LP3 (Jaar 1)

Die coolste plan

Ons hoef nie 'n plan te maak om die wêreld heel en nuut te maak nie. Die Here is die Planmaker. Hy het vir Jesus gestuur om die probleem van ons sonde vir ons op te los. Nou nooi die Here ons om opgewonde te wees oor sy plan, om deel van sy plan te word en om dit te help waar maak.



PRYS: R125

Aanbiedersgids
Beskikbaar op www.joyna.co.za



PRYS: R125

Aanbiedersgids
Beskikbaar op www.joyna.co.za

LP3 (Jaar 2)

Wys my die weg

As jy nie weet waarheen jy wil gaan nie, kan jy baie maklik verdwaal. En dit is nie lekker om te verdwaal nie. Jesus nooi jou om sy hand te neem en saam met Hom te stap. Hy sal vir jou die pad wys wat die beste is om op te stap. Wanneer jy saam met Jesus stap, sal jy nooit verdwaal nie en altyd veilig wees.

LP3-reeks vir graad 4-6

Vorm jong kinders se geloof met hierdie uitmuntende reeks

LP3 (Jaar 3)

Ene ore! Nuwe maniere

Hoe voel jy wanneer jy met iemand praat en hulle luister nie na jou nie? Dit is nie lekker nie, of hoe? Die Here praat ook met ons en Hy is net so hartseer as ons nie luister na wat Hy sê nie. In *Ene ore! Nuwe maniere* ontdek jy in die Bybel en deur die voorbeeld van Bybelkarakters hoe om na die Here te luister en dan nuut te gaan leef.




PRYS: R125

Aanbiedersgids
Beskikbaar op www.joyna.co.za

LP3 (Jaar 4)

Leef soos Jesus

Wil jy graag vir Jesus beter leer ken? Wil jy al meer soos Jesus word? *Leef soos Jesus* sal jou help om dit reg te kry. Jy sal in die Bybel ontdek hoe Jesus geleef het. Dan kan jy sy voorbeeld elke dag volg. Die beste nuus is: Jesus het belowe dat Hy by jou sal wees en jou sal help om soos Hy te leef.



PRYS: R125

Aanbiedersgids
Beskikbaar op www.joyna.co.za

LP3 (Jaar 5)

Wow, dis waar!

Wil jy graag meer ontdek oor wat jy regtig glo en bely wanneer jy sê jy is lief vir Jesus en jy volg Hom? Hierdie jaar gaan jy die Apostoliese Geloofsbelydenis leer ken en ontdek: Wow! Alles wat jy van Jesus weet en glo, is waar!



PRYS: R125

Aanbiedersgids
Beskikbaar op www.joyna.co.za

LP3 (Jaar 6)


So is Ek

Leer ken vir Jesus uit wat Hy self in die Bybel vir jou oor Hom vertel. Wanneer jy weet hoe Jesus as mens op aarde geleef het, kan jy sy voorbeeld volg en elke dag al meer soos Jesus word. Die beste nuus is: Jesus het belowe dat Hy by jou sal wees en jou sal help om soos Hy te leef.



PRYS: R125

Aanbiedersgids
Beskikbaar op www.joyna.co.za




Kennis-kategese

Die ideale reeks om kinders se geloof te vorm en te versterk

Graad 4-6 Doenboeke
God se kinders in God se wêreld

Die kinders ontdek wie God is en wat God doen; wie hulle as God se kinders is en hoe hulle volgens God se wil kan leef; hoe hulle as God se kinders saam met ander mense kan leef, en hoe hulle as God se kinders in God se wêreld kan leef.



PRYS: R120



PRYS: R120



PRYS: R120

Graad 4-6 Leiersgidse
God se kinders in God se wêreld

Die drie leiersgidse wat saam met die *Doenboeke vir Graad 4-6* gebruik word, bevat volledig uitgewerkte byeenkomste om die kinders te lei om 'n ontmoeting met God te hê, meer van die Bybel te leer en na te dink oor hoe hulle elke dag kan leef soos die Here in die Bybel van ons vra.



PRYS: R170



PRYS: R170



PRYS: R170

Senior fase

12-17 jaar



Bybel-Media se reekse vir jongmense **van graad 7-10** is die ideale hulpbronne om hulle op hulle geloofsreis saam met die Here te lei en te ondersteun.

Ons verstaan die uitdagings van hierdie lewensfase en dat jongmense ’n brug nodig het na ’n meer volwasse vorm van geloof.

Met reekse wat dieper delf in Bybelverhale, uitdagende vrae stel en ruimte vir nadenke bied, gee ons aan jongmense die stewige fondasie wat hulle nodig het vir ’n lewe saam met Jesus.

Real lewe-reeks

Leef met geloof wat real is

’n Bietjie agtergrond oor hierdie reeks

Die *Real lewe*-reeks sal jou op ’n reis neem na geloof wat real is. Jy sal ontdek wat dit in vandag se lewe beteken om ’n volgeling van Jesus te wees.

Elke **gespreksgids** bestaan uit 29 ontmoetings wat aan jou geloof diepte sal gee, wat jou sal help om die uitdagings van die lewe suksesvol aan te pak en vanuit jou verhouding met die Here te leef. Die **leiersgids** bevat omvattende riglyne vir die aanbieders om die ontmoetings te lei.

Alle elektroniese hulpmiddels en bykomende agtergrondinligting vir die aanbieders en jongmense is op **Real lewe** se webtuiste beskikbaar.

www.reallewe.bybelmedia.org.za

Real lewe #1
Aangeraak deur God



Gespreksgids
PRYS: R115



Leiersgids
PRYS: R200

Real lewe #2
Ingenooi deur God



Gespreksgids
PRYS: R115



Leiersgids
PRYS: R200

Real lewe #3
Op reis met God



Gespreksgids
PRYS: R115



Leiersgids
PRYS: R200

Real lewe #4
Omarm deur God



Gespreksgids
PRYS: R115



Leiersgids
PRYS: R200


Tema-kategese


Rus jongmense toe om vanuit hulle verhouding met God te leef

Hierdie reeks is digitaal beskikbaar op **www.joyna.co.za**

Hierdie reeks is saamgestel uit die *Real lewe*-reeks. Dit is ideaal om in kategesegroepe, omgeegroepe vir jongmense of by jeugkampe te gebruik. Die jongmense gesels saam oor hoe om ware Jesus-volgelinge te wees, hulle identiteit as beelddraers van God uit te leef, keuses in die lewe volgens die Bybel en hulle waardes te maak en elke dag vanuit 'n real geloof te leef.

Elke boek bevat 10 ontmoetings oor die spesifieke tema. Die leiersgidse bied volledige en omvattende riglyne vir die aanbieding van die ontmoetings.

















Kennis-kategese

Lei jongmense om die inhoud van
hulle geloof te ontdek en uit te leef

Bybeldagboeke vir Graad 7, 8, 9 en 10

Met ’n afsonderlike leiersgids vir elke graad

Graad 7

Geloof vat vlam

In hierdie Bybeldagboek ontdek die jongmense wat die inhoud van hulle geloof is en wat die Here aan hulle belowe en vir hulle in bewaring hou.



Gespreksgids
PRYS: R135



Leiersgids
PRYS: R210

Graad 8

Ja! vir Jesus

In hierdie Bybeldagboek word die jongmense gelei om hulle aan die Here te verbind en in hulle geloof te groei.



Gespreksgids
PRYS: R135



Leiersgids
PRYS: R210

Graad 9

Dankie, dankie, Jesus!

In hierdie Bybeldagboek ontdek die jongmense hoe hulle vanuit hulle geloof met ’n dankbare hart in die wêreld kan gaan leef.



Gespreksgids
PRYS: R135



Leiersgids
PRYS: R210

Graad 10

Hier is ek, Here

In hierdie Bybeldagboek word die jongmense gelei om hulle identiteit in Christus te ontdek en hulle getuienis in die wêreld te gaan uitleef.



Gespreksgids
PRYS: R135



Leiersgids
PRYS: R210

Interaktiewe kategese

'n Kreatiewe reeks vir die geloofsvorming van jongmense

Hierdie reeks is digitaal beskikbaar op **www.joyna.co.za**

’n Reeks in ’n siklus van vier jaar

Sluit aan by Joyna!

www.joyna.co.za


Wat het jy nodig om die ontmoetings van hierdie reeks aan te bied?

- Die riglyne vir die aanbieder.
- Die gespreksblaaie vir die jongmense.
- Die hulpmiddels vir die groeplede.
- Die video’s wat die groep saam kan kyk. Die skakels na die video’s is in die riglyne vir elke ontmoeting onder “Hulpmiddels”.

Dit alles is aanlyn beskikbaar vir die aanbieder om die jongmense op hulle geloofsreis te begelei. Die verdere voordeel is dat die riglyne, gespreksblaaie en hulpmiddels afgelaai, uitgedruk en/of gedeel kan word.

GPS vir my lewe

24 ontmoetings wat aan jongmense ’n paar rigtingwysers gee om tydens hulle reis te gebruik. Die temas sluit in sonde; verlossing; geloof; God (Vader, Seun, Heilige Gees), en God in my lewe.






JPEG – Prente vir die lewe

Hierdie ontmoetings help die jongmense om hulle prent (jpeg) van God te voltooi met prente (belewenisse en ervarings) uit die Bybel, uit die geskiedenis en uit hulle eie lewe.

Die Weg – Die reis saam met God

In *Die Weg* kyk ons na verskillende en uiteenlopende Bybelkarakters en hulle reise met God. Baie se reis het hulle op ompaaie, alternatiewe paaie, kruispaaie en oorgrenspaaie geneem. God was egter by elkeen tydens hulle reis. God maak elke lewensreis spesiaal.





Facebook – Vriende van God

Ons elkeen het ’n profile, of dit nou is soos ons vriende ons elke dag sien, en of dit ons profile is wat ons op Facebook sit … Hierdie 24 ontmoetings gaan oor karakters in die Bybel se profiles om jongmense te help om ook vriende van God te word.

Belydenisfase

17-19 jaar



Is jy op soek na maniere om praktiese geloofswenke en ondersteuning aan **jong volwassenes** te gee? Ons boeke sal jou help om jongmense voor te berei vir een van die belangrikste stappe in hulle geloofslewe: die belydenis van geloof.

Met boeke wat vrae stel, nadenke aanmoedig en ruimte laat vir persoonlike geloofservarings, kry jong volwassenes die unieke geleentheid om hulle geloofsverstaan te verdiep en 'n persoonlike verhouding met God te bou. Dis die beste manier om jongmense te leer om na aan God te leef.


Ondersteun jong volwassenes op hulle geloofsreis

Altyd daar Gespreksgids

22 ontmoetings vir jong volwassenes voordat hulle belydenis van geloof aflê. *Altyd daar* gebruik verhale en stories om hulle te help om die Here elke dag in hulle lewe raak te sien. Deur die verhale en stories en die vrae oor hoe dit hulle raak, help die skrywers die jongmense om die Bybel nuut te hoor en God nuut te sien.



PRYS: R155



PRYS: R220

Altyd daar Leiersgids

22 volledig uitgewerkte ontmoetings vir jong volwassenes voordat hulle belydenis van geloof aflê. *Altyd daar* gebruik verhale en stories om hulle te help om die Bybel nuut te hoor en die Here elke dag in hulle lewe raak te sien. Dié gids kan ook suksesvol gebruik word vir volwassenes wat belydenis van geloof wil aflê.

Ondersteun jong volwassenes op hulle geloofsreis

Geloof wat rêrig is

'n Praktiese nadinkboek vir jong volwassenes op pad na 'n egte verbintenis aan hulle geloof. Die ontmoetings fokus op die Apostoliese Geloofsbelydenis (die Twaalf Artikels) en die tien gebooie. Die dagstukke, nadinkvrae en gebede, saam met die gesprekke tydens die ontmoetings, sal hulle geloof anker, verdiep en sinvol maak.



Bybeldagboek
PRYS: R210



Leiersgids
PRYS: R275

Geloof wat rêrig is


Die volledig uitgewerkte ontmoetings oor die Apostoliese Geloofsbelydenis (die Twaalf Artikels) en die tien gebooie bied aan gesprekleiers praktiese riglyne en insig om jong volwassenes na 'n ware verbintenis aan hulle geloof te begelei.

Belydenis van geloof

'n Gids vir jongmense en volwassenes wat belydenis van geloof wil aflê. Hierdie boek fokus op die kern van wat ons glo, en hoe ons dan leef op grond van wat ons glo. Die aanbieding is eenvoudig en toeganklik sodat gelowiges wat hulle tot die Here wil verbind die verrassende veelkleurige fasette van ons geloof sal kan ontdek.



Gespreksgids
PRYS: R140



Gespreksgids
PRYS: R100

Leiersgids
Beskikbaar op www.joyna.co.za

G8 – Verwoord en leef wat jy glo

G8 bevat 8 gesprekke wat voor belydenisaflegging gevoer kan word. Die gedagte agter die 8 G's – Geloof, Gebed, Gebooie, Genadetekens, Godheid, Gawes van die Gees, Gemeenskap en Groot opdrag – is om die leer van die kerk eenvoudig saam te vat. Hierdie ontmoetings stel jong volwassenes in staat om hulle geloof werklik te verstaan en dit prakties uit te leef.



Ek glo [voorheen Here, ek belowe]

PRYS: R120

Here, ek belowe spog nou met 'n splinternuwe omslag en titel. Die inhoud is ook volledig hersien vir vandag se jong volwassenes.

Jesus het jou eerste liefgehad en jou geroep om Hom te volg. Met jou geloofsbelydenis het jy ja gesê op sy uitnodiging. Hierdie ja is die begin van jou lewe saam met Jesus. *Ek glo* is baie meer as 'n boek om net een keer te lees. Dit is 'n persoonlike reismaat waarin jy kan lees, skryf, teken, wonder en jou geloofsverhaal kan vaslê.

Huisgeloof-reeks

vir ouers en kinders van alle ouderdomme



Hierdie reeks bied ’n unieke geleentheid vir **ouers en kinders van alle ouderdomme** om saam in hulle geloof te groei. Die praktiese wenke in hierdie reeks help gesinne om gesonde geloofsgewoontes in te oefen en deel van hulle alledaagse lewe te maak.

Hierdie boeke bevat ’n rykdom van hulpbronne wat families help om saam te bid, die Bybel saam te ontdek en die liefde van God in elke hoek van hulle huis te ervaar. Laat die Woord van God diep wortelskiet in die hart van jou huis.

PAKKET
R580

Kry al vier boeke vir jou en jou gesin!

Huisgeloof 1 – Ons huis oefen

PRYS: R125

Die eerste boek in hierdie reeks wat ouers bemagtig om saam met hulle kinders in hulle geloof te groei. Die boek help gesinne om 9 geloofsgewoontes in te oefen en deel van hulle alledaagse lewe te maak, om God se teenwoordigheid in hulle lewe raak te sien en dit met mekaar te deel.





Huisgeloof 2 – Ons huis vier

PRYS: R125

Die 9 geloofsmomente in hierdie tweede boek help families om hulle geloof te verstaan en herinner hulle om die belangrike ervarings tydens hulle lewensreis te vier. Dit help hulle om die gewoonte te vestig om te midde van die alledaagse lewensgebeure God se nabyheid raak te sien en te vier.

Huisgeloof 3 – Ons huis onthou

PRYS: R125

Hierdie derde boek in die reeks vertel vir gesinne meer oor die agtergrond, betekenis, kleure en simbole van elke seisoen of fees wat deel van die kerkjaar vorm. Die 9 kerkjaar-aktiwiteite help gesinne om ’n ritme aan hulle geloofsvorming te gee en bewus te bly van God se nabyheid.





Huisgeloof 4 – Ons huis dien

PRYS: R145

Hierdie boek gee aan families wenke en voorbeelde van hoe hulle 9 verskillende familiegewoontes saam kan inoefen. Dié gewoontes sal hulle help om Jesus se liefde prakties uit te leef in die manier waarop hulle mekaar behandel en deur hulle dade te wys dat hulle vir mekaar omgee.

GEBEDSKRUIS

'n Klein herinnering aan God se groot liefde.

Hierdie Gebedskruis van pragtige hout is 'n tasbare herinnering dat God altyd naby aan jou is. Die eenvoudige ontwerp pas gemaklik in jou hand en nooi jou om 'n oomblik stil te word, te bid en jou vertroue opnuut in die Here te vestig.

Of jy dit vir jouself koop of as 'n betekenisvolle geskenk wil gee, die Gebedskruis bring troos, hoop en bemoediging aan mense van alle ouderdomme.

Gee 'n geskenk met betekenis.
Gee 'n Gebedskruis.

- Pragtig afgewerkte natuurlike hout
- Pas gemaklik in jou hand, sak of handsak
- 'n Eenvoudige herinnering aan gebed
- Ideaal as betekenisvolle geskenk

Beskikbaar as een kruisie of in pakkies van 10.

